# DIE STRYD TEEN DIE VOORPOSTE 1-2 Februarie 1941 (III)

**Die vyand is mislei en verras**

Die vraag is dikwels gestel waarom die Italiaanse lugmag geen rol gespeel het om die aanmars teen Suid-Abessinië en die aanvalle op die voorposte te stuit nie. Behalwe die feit dat die Italianers nie onmiddellik van die aanmars geweet het nie, het die Hertog van Aosta in 'n rapport aan die Italiaanse weermagshoofkwartier in Rome te kenne gegee dat die lugmag nie kon optree nie weens 'n tekort aan vliegtuie. In die lig van die sterk lugmagbasisse ná aan die buiteposte, by Neghelli en Yavello, is hierdie rede myns insiens nie meer as 'n minder geloofwaardige verskoning nie. Die Suid-Afrikaanse lugmag, wat boonop in 'n vyandelike lugruim moes beweeg, het vyandelike basisse getakel met slegs enkele vliegtuie — soms met net een. Die waarheid is eerder dat die Italiaanse inligtingsdiens op 'n verkeerde voet gevang is en dat die beskikbare lugmag en landmagte onvoorbereid en ongemotiveerd was om die koppige Springbokaanmars te stuit. 1 SA Divisie het hulle mislei om te glo alles is veilig en daarna drie buiteposte binne twee dae platgeloop.

Van sentrale taktiese betekenis was die diversiteit van die Suid-Afrikaanse operasionele korpse. Die vyand, met slegs infanterie en verwante lugafweer tot sy beskikking, kon die buigsaamheid wat uit die Springbokverskeidenheid van wapentuig en veggroepe volg, nie ewenaar nie. Die eie magte het daarin geslaag om meer getalle te konsentreer waar getalle noodsaaklik en deurslaggewend was en het die vyand op verskeie maniere getakel: infanterie, pantserkarre, artillerie, mortiere, lugmag. Administratiewe subeenhede het verbindings, vervoer, voorraad, en geneeskundige dienste voorsien.

Bo en benewens hul meer deskundige opleiding en inoefening van gevegsdrils, was die Springbokke voorts ook beter gemotiveerd en meer vasberade om te slaag as die vyand. En anders as die vlugtende Italiaanse offisiere het die Suid-Afrikaners militêre leierskap van hoogstaande gehalte beoefen.

Die Springbokke het instinkmatig besef en gedoen wat die Sjinese strateeg Sun Tzu reeds 500 jaar voor Christus in sy Oorlogskuns geskryf het: "Alle oorlogvoering is gegrond op misleiding. Daarom, wanneer in staat om aan te val, moet ons magteloos voorkom, wanneer ons ons magte gebruik, moet ons onaktief lyk, wanneer ons naby is, moet ons die vyand laat glo ons is ver-weg, wanneer ver-weg, moet ons hulle laat glo ons is naby."

Die Italianers was op 31 Januarie 1941 salig onbewus van die bestaan van aanmarsende Suid-Afrikaanse brigades en twee dae later was sy voorste drie buiteposte beset!

**Die konsolidasie begin: Water**

Na die suksesvolle optrede teen die vyand, word die magte by Hobok georganiseer met die oog op 'n moontlike vyandelike teenaanval. Die ingenieurs van 5 Veldkompanie ontlaai 'n paar fopmyne, 3 Transvaal Scottish kom tot ruste onder die oop sterrehemel ná hul voordoop vandag, terwyl die 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier die SA Irish en hoofkwartiertroepe aanwend vir die opstel van 'n verdedigingstelling in 'n sirkel drie myl rondom Hobok.

Verskeie administratiewe reëlings word getref. Brig Armstrong stel genl George Brink, bevelvoerder van 1 SA Divisie, van sy brigadegroep se oorwinning in kennis, en 5 Veldkompanie spring dadelik aan die werk om die waterbronne by Hobok te aktiveer. Kapt G. I. D. Emanuel aanvaar diens as bevelvoerder van 1 Brigadeseinkompanie met kapt L. K. Fairley as sy tweede-in-bevel. Doeltreffende verbindings met divisiehoofkwartier word steeds in stand gehou. Daar word ontdek dat drie vliegtuigbomme en drie mortiere, almal van Suid-Afrikaanse fabrikaat, versuim het om te ontplof, en dit word onskadelik gestel.

5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier besluit om die gebied spoedig te verken met die oog op moontlike vyandelike troepebewegings

en stuur op 3 Februarie patrollies, met ononderbroke radioverbindings aan hul basisse gekoppel, na Obot, en weswaarts na El Dima. Italiaanse rapporte wat later by Yavello gebuit is, sou openbaar dat 500 verliese aan gewondes en dooies by El Gumu en Hobok gely is!

Terselfdertyd doen die ingenieurs, wat die waterbronne by Hobok skoonmaak en weer laat lewe, die welkome ontdekking dat dit nie slegs in die behoeftes van die brigadegroep kan voorsien nie, maar genoeg water lewer om selfs 'n volle addisionele brigade van water te voorsien. Maj C. J. Venter van die SA Geniekorps skat die watersterkte by Hobok op 20 000 gellings per dag. Uit 'n voedingsoogpunt is hierdie aanwins vir die Springbokmagte 'n groot bate en vir die vyand 'n gevoelige verlies. Water is veral noodsaaklik in die lig van die ondraaglike hitte bedags, in besonder tussen twaalf en drie smiddae. Voorts bring ook die wolke wat soms saans die hemelruim bedek, geen reën nie.

Ná die geveg by Hobok skiet siekrapportering die hoogte in en tussen vyftig en sestig pasiënte word daagliks deur die geneeskundige offisiere van 11 Veldambulans behandel.



**Suid-Afrikaanse soldate pronk trots rondom die Italiaanse Koninklike Vlag wat met die verowering van Hobok in hul hande geval het. (Hierdie vlag is vandag die eiendom van 'n bekende Oos-Randse eenheid)**

**Patrollering in vyandelike gebied**

Nie slegs infanteriepatrollies nie, maar ook pantserkarpatrollies verken die hele gebied noord van Hobok en El Gumu tot diep in die vyandelike Suid-Abessinië. Pantserkarpatrollies, wat in die Lugga Bulal-skeur opbeweeg, dring deur tot anderkant Obot en ontdek drie myl noord daarvan 'n voorsieningsdepot waar beslag gelê word op 47 kiste kleingeweerammunisie, 28 gewere, 'n paar liggranate en 'n stapel geneeskundige voorraad. In sy insiggewende ontleding van die Suid-Afrikaanse magte in hierdie gebied, onderstreep die militêre historikus, Neil Orpen, ook die rol wat El Gumu nou gespeel het. 1 Veldmagbataljon het sy intrek geneem en sowel 2 as 5 SA Infanteriebrigadegroep is van daar

af van logistieke middele voorsien. Die voorraad is van daar na Hobok vervoer, wat dan weer op sy beurt water in 44-gelling-dromme aan die magte by El Gumu verskaf het. Intussen wend 1 Divisieseinkompanie El Gumu as 'n skakel aan om deur middel van sy rapportryers 'n daaglikse kommunikasiediens, oor 'n afstand van 180 myl, tussen Dukana en Marsabit in stand te hou, asook 'n lopende diens, drie maal per dag, tussen die divisiehoofkwartier en El Gumu. Sodoende word die twee brigadegroepe voortdurend in verbinding gehou met mekaar en met brig-genl George Brink se hoofkwartier. Vir die rapportryery word weens die onbegaanbaarheid van die terrein nie motorfietse nie, maar eentontrokke gebruik.

Ook 1 Veldmagbataljon stuur patrollies in verskillende rigtings uit en ondersoek onder meer die omgewing van die pad tussen Hobok, en Kunchurro wat oos van Hobok lê. Die Suid-Afrikaners verstewig sodoende vanuit die twee punte wat skaars twee dae vantevore nog beide in Italiaanse hande was, El Gumu en Hobok, hul informatiewe greep op die suidhoek van Abessinië. Kapt T. S. Davie lei 'n vegpatrollie tevergeefs na El Gobso en Sunan Gado, op die pad noord van Mega, want die vyand is nou nêrens op te spoor nie. Toe patrollies Fiale en Dokolle, ook noord van Mega, bereik, is dit reeds ontruim. By laasgenoemde smeul die warm as wat voorheen deur die kokke gebruik is nog. Dit lyk of die vyand terugtrek na hul sterk bergvesting, Mega. Op 3 Februarie bereik vegpatrollies Kunchurro. Die dorp is ontruim en word twee dae later deur 1 Veldmagbataljon beset. Dit impliseer dat die aansluiting van die pad tussen Hobok en Kunchurro by die pad tussen die suidelike Italiaanse vesting, Mega, en Banno noordwes daarvan, ook in Suid-Afrikaanse hande geval het. Die Springbokke se doelgerigte operasionele en verkenningsoptrede werp meer vrugte af as wat ooit verwag is.

**Vervoermiddele en vervoerweë**

Die Suid-Afrikaanse sukses eis egter ook sy tol aan voertuie en reeds op 4 Februarie vra 5 SAIBG dringend dat pantserkarbuitebande aangestuur word, en dit word ook duidelik dat sagteystervoertuie nie herstel kan word nie omdat die brigadegroep oor geen werkswinkels beskik nie, aangesien 3 Mobiele Algemene Werkplaas nie saam oor die Abessiniese grens beweeg het nie.

Intussen is beoog om die begaanbaarheid van hierdie oerwêreld te verhoog en ondersoekspanne van Suid-Afrikaanse padboumaatskappye vaar Suid-Abessinië binne en beplan 'n nuwe groot pad. Kort voor lank sou 26, 31 en 32 Padboukompanies van die SA Geniekorps aan die pad begin werk.

Hierdie raamwerk word aangevul deur spesifieke fenomene waaraan 3 Transvaal Scottish in sy rapporte oor die Hobokkonsolidasie aandag skenk.
Die een aanvalseenheidverslag onderstreep die Suid-Afrikaanse welslae aan die hand van die feit dat tydens die hele geveg slegs een soldaat dood is, twee manne gewond word en enkeles ligte beserings opgedoen het. Die manne van 3 Transvaal Scottish kan na die geveg nie verslap, ontspan en rus nie, en handel eers laat die nag van 2 Februarie hul konsolidasie af deurdat posisies ingeneem is om enige teenaanval te fnuik. Tot laat is almal steeds helder wakker, word verklaar.

Tydens die dagaanval was daar nie geleentheid om wagte by die waardevolle watergate 'n ent van die hoofstellings in die rivierbedding onderkant die fort te pos nie. Om die vyand nou te verhoed om onder dekking van die nagdonkerte terug te sluip en die waterpunte te saboteer, word sarsies Vickermasjiengeweervuur kort-kort in daardie rigting gelos. Voorts word mortierbomme nou en dan op bepaalde plekke in die diep sloot gemik. Soos verskeie ander rapporte maak ook dié van hierdie eenheid melding van die insident wat tweeuur dié nag plaasgevind het toe hewige vuur uit Suid-Afrikaanse gewere, en ligte- sowel as swaarmasjiengeweervuur losbrand op geluide in die donga, noordoos van die fort, net om die volgende oggend te ontdek dat twee arme donkies bokveld toe is, en voos van rondtes soos twee siwwe in die sand lê!

**Nogmaals: Die vyand is verras!**

Op 3 Februarie word 24 plaaslike troepe begrawe en 'n omvattende voorraad, deur die terugvallende vyand agtergelate goedere, byeengebring. Volgens 3 Transvaal Scottish se inventaris is een swaar-, verskeie ligtemasjiengewere, meer as 200 000 rondtes ammunisie en aansienlike geneeskundige voorrade

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

in die fonds. Twee van die vier gevangenes beswyk binne enkele dae aan noodlottige wonde.

Eenheidsrapporte benadruk konklusies van verkenningspatrollies dat die vyand teruggetrek het uit die hele onmiddellike omgewing van Hobok en El Gumu. 'n Ondersoek na die vyand se reaksie op die Springbokoffensief gekoppel aan informasie wat uit krygsgevangenes gekry is, bevestig dat die Suid-Afrikaanse aanval teen El Gumu sowel as Hobok geheel en al onverwags gekom het. Die Italianers het aangeneem die Suid-Afrikaners sal uit die suide opruk, of oor die berge uit die weste aanval, en het hul verdedigingstellings dienooreenkomstig ingerig. Toe die Springbokke oor die oostelike horison te voorskyn spring, word die vyand op die verkeerde voet gevang, heel onkant en onvoorbereid — en verras. Hierdie misvatting van die Italiaanse bevelhebbers is een van die faktore wat verantwoordelik was vir die lae verliessyfer onder ons eie magte. 'n Studie van die fortifikasies bring dit duidelik aan die lig dat die Suid-Afrikaners 'n harder stryd sou aangeknoop het indien hulle hierdie Italiaanse voorpos met 'n frontaanval bedreig het.

Een rapport stel die sterkte van Hobok veel hoër as wat ons tot dusver gehoor het en verduidelik dat die voorpos beman is deur 'n garnisoen van vier "sotto gruppos", elk onder 'n luitenant, met 'n kolonel as voorposbevelvoerder. Die vesting het meer as 1 100 soldate ingesluit!

### Italiaanse militêre leierskap

Interessante gegewens oor die handelswyse van die Italiaanse offisiere blyk uit 3 Transvaal Scottish se rapporte, en dit strek die offisiere nie tot voordeel nie. Toe El Gumu val, het die Italiaanse kolonel van Hobok met driekwart van sy garnisoen na Banno teruggetrek, en die res van die manne onder die bevel van slegs een offisier gelaat. Hiermee is die een fundamentele beginsel van oorlogvoering, te wete doeltreffende bevel, beheer en leierskap, gruwelik verontagsaam. Die laasgenoemde offisier het op sy beurt die goeie voorbeeld van sy bevelvoerder gevolg, tydens die geveg in die rigting van die watergate teruggetrek, en is nooit weer deur sy manne gesien nie!

Op een fyn punt het die vyand die Springbokke mislei, en dit was naamlik om die sentrale blokhuis as die sleutelpunt in die vyandelike vesting te beskou en gevolglik veel moeite te doen om dit aan te val, sowel met artillerie as met pantserkarre en voetsoldate, net om te ontdek dat die blokhuis deur die vyand nie as van groot belang geag is nie, en trouens hul hoofstellings op die grond ingerig het. Laasgenoemde is een van die redes waarom die pantserkarre hulle in so 'n stewige vuur vasgeloop het. Hierdie feit sou bevestig word by Sololo, Banno en Mega. 'n Vyandelike oogmerk was om die aanvallers wat teen die blokhuis opruk, op die flank vas te pen en uit te wis. Dat die vyand onsuksesvol was, kan toegeskryf word aan ander taktiese punte waarop die Suid-Afrikaners hulle maklik in die skadu gestel het, soos getalsoorwig en beweeglikheid.

Wat getalsoorwig betref, is dit juis insiggewend dat verslae aandui dat ons eie magte daarin geslaag het om die vyand te mislei ten opsigte van die grootte van die aanvalsmag. In die gevegte by Gorai, El Gumu èn Hobok, is die Suid-Afrikaanse sterkte oorskat. Die konsentrasie van vuurkrag en indrukwekkende mobiliteit van die pantserkarre het die vyand oortuig dat hulle teen 'n groter oormag te staan gekom het as wat in werklikheid die geval was.

### Bevelvoerder: Julle het gewen!

Interessant is ook die feit dat sommige van die vyand by Hobok aangeneem het dat die Springbokke tenks gebruik. Dit het onbeplan gebeur en wel om die volgende rede: Die tweewielondersteuningswapenvoertuie is bo-op die drietontrokke vervoer. Die vyand het herhaaldelik daarop gewys hoe goed hierdie samestelling hulle in die verte aan tenks herinner het in die stadium toe die Suid-Afrikaners deur die bos aangemars het. Die tong van die boonste voertuig het gelyk soos 'n kanonloop wat uitkom uit die skiettoring van 'n tenk.

Die offensief teen Hobok was vir die 3 Transvaal Scottish sy vuurdoop — sy eerste geveg waar bloed gevloei het. Die bevelvoerder stuur na die oorwinning die volgende boodskap aan die lede van sy eenheid:

"Die kolonel se boodskap aan julle — offisiere, adjudantoffisiere, onderoffisiere en man-

skappe van die Derde Bataljon Transvaal Scottish: Julle het julle eerste geveg gevoer, en julle het gewen. Julle is beveel om Hobok in te neem, en julle het julle goed van die taak gekwyt. Die vyand het nie gewag vir julle bajonette nie. Moontlik sal ons volgende keer tussen hulle inklim.

As julle bevelvoerder is ek trots op julle. Julle het julleself bewys as knap soldate en waardig om die rooi veer te dra.

Namens julle gebruik ek hierdie geleentheid om eer te betoon aan die puik taak wat uitgevoer is deur al die eenhede wat met ons saamgewerk het. Voorspoed vir ons volgende taak! W. H. Kirby Lt-kol".

Interessant is dat reeds vóór die geveg sir Archibald Wavell, hoofbevelvoerder van die Midde-Oosterse Mag (na wie se besoek in die vorige artikel verwys is), die nou voldonge sukses voorsien het deur in 'n persoonlike boodskap aan lt-kol Kirby te verklaar:

"Volgens wat ek verneem, twyfel ek nie dat die Derde Bataljon homself sal bewys as waardig om met die Black Watch, waarby hy geaffilieer is, geassosieer te word nie. Ek glo aan julle sukses."

Volgens 'n ander rapport, naamlik van 1 Brigadeseinkompanie, is 'n sleutelrede waarom die grootste deel van 5 SA Infanteriebrigadegroep buite die voorposterrein oornag het, die feit dat 'n moontlike vyandelike lugaanval gevrees is. Uit dieselfde verslag blyk die senuspanninge wat daardie nag onder die wagte geheers het. Die wyse waarop op 'n ou boomstomp gevuur is omdat dit in die gees van 'n wag skielik lewend geword het, word gemeld, sowel as die twee donkies wat toe dood is omdat hulle die pad van die koeëls gekruis het.

Ook 1 Brigadeseinkompanie rapporteer dat Hobok eers die volgende oggend volledig beset word. Seiners kan geen oomblik rus of uitspan nie, want die pantserkarpatrollies neem onmiddellik 'n aanvang. Tydens die patrollering van die gebied noord van Gorai, El Gumu en Hobok hanteer die radiopersoneel 'n ongekende hoeveelheid verkeer, en speel 'n onmisbare rol in die distribusie van noodsaaklike operasie-informasie tussen die patrollie-eenhede.

'n Amptelike verslag van die Derde Mobiele Werkswinkel van die Tegniese Dienskorps, verbonde aan 5 SAIBG, meld dat die Hobokvoorpos op 'n aangename terrein geleë was, maar noem met afkeur die feit dat die gebied deur miljoene vlieë oorval word. (Die majoor wat vir eenheidsdokumentasie verantwoordelik is, verwys na 500 000 000 vlieë!) 'n Ander feit wat hier opduik en wat volledigheidshalwe genoem moet word omdat ons telkens in Abessinië daarvan hoor, is die besonder skerp en onaanvaarbare reuk wat sterk oor Hobok hang en wat die Suid-Afrikaanse verslagskrywers altyd met die Italiaanse besettingsmagte assosieer.

## Water, hitte en wagstaan

Een bron konstateer dat die vyand, ten spyte van die genoemde voorsorg deur die eie magte, tog daarin slaag om in die nag terug te keer en ammunisieopslagplekke naby die waterbronne op te blaas. Suid-Afrikaanse ingenieurs ruim die gebied die volgende dag binne enkele ure op en pomp duisende gellings water reeds op daardie eerste Springbokbesettingsdag uit. Vir die Suid-Afrikaners is die Hobokvoorpos se strategiese waarde onder meer in sy standhoudende water geleë. Die inname van hierdie voorpos stel die Springbokke in staat om 'n stewige vastrapplek in vyandelike terrein te kry sodat hulle nie in die rug bedreig sou kon word indien teen die suidelike Mega-Moyale-reeks opgetrek word nie. Maar tweedens maak die inname ook 'n standhoudende watervoorsiening aan die Suid-Afrikaanse magte moontlik — iets wat in hierdie dorre warm wêreld 'n besondere voorvereiste is vir suksesvolle operasie.

Op 3 Februarie is 'n gedeelte van die verdediging rondom die Hobokheuwel aan die gewese aanvalsreserwe-eenheid, 1 SA Irish, opgedra. Volgens verslae van dié eenheid word wagseksies doeltreffend geplaas, ente uit mekaar, en beman wagposte oral oor die suidelike hange, met hul voertuie agter hulle versprei. Die hange is bedek met doringbosse en bestrooi met lawarotse en slegruikende dierbene. Tussen 1100-uur en 1500-uur op 3 Februarie snak die SA Irish-wag na hul asem onder die ergste hitte wat meeste van hulle nog ooit ervaar het. Uit hul gekonsolideerde posisie by Hobok stuur hierdie eenheid se A en C Kompanie die daaropvolgende dae voetpatrollies in verskeie rigting. 'n Observasiepos word 'n myl en 'n half van die basis opgestel.



**'n Deel van die aansienlike voorraad en hoeveelheid vyandelike outomatiese wapens wat tydens die suksesvolle gevegte teen die Italiaanse voorposte in Suid-Afrikaanse hande geval het**

Die fonteine by Hobok, in die omgewing waarvan die enigste groenigheid in die gebied groei, stoot die daaglikse watervoorsiening aan die Suid-Afrikaanse soldate op tot 1½ gelling per kop. Rapporte deur die 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier bevestig die skoonmaak en herstel van die strategies gewigtige waterputte deur die ingenieurs en sit die wye verkenningsbedrywighede wat vanaf Hobok as tydelike basis onderneem word, uiteen. Hierdie hoofkwartierrapporte meld ook die latere terugtrekking van die brigadegroep, en wel op 13 Februarie, na El Gumu, vir deelname aan die daaropvolgende offensief teen Mega.

**Verkenningspatrolliering gaan voort**

Ook 2 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier, betrokke by die oorwinning by Gorai, se rapporte meld die verkenningspatrollies en vegpatrollies wat verskeie gebiede verken het, in detail. Die wyses waarop die omgewings noord van die eertydse drie Italiaanse voorposte al verder gekarteer word en waarop vyandelike weerstand op etlike plekke die nek ingeslaan en die vyand verjaag word terwyl die Springbokke hul voorrade in besit neem, word hier slegs genoem omdat dit buite die veld van hierdie artikel val en 'n studiegebied op sigself uitmaak. Menige klein dorpies in Suid-Abessinië is van Italiaanse gesag bevry. Op die militêre selfvertroue van die Italiaanse Ryk en sy leier, Benito Mussolini in Rome, het hierdie terugslae hoe gering ook al, geen vrugbare uitwerking gehad nie. Inteendeel.

Binne drie weke het die Springbokke Suid-Abessinië deursnuffel gehad. Patrollies is uitgestuur na Dillo en Ienia en die Kunchurropad. Een sterk patrollie onder maj Jack Bester het noordwaarts opgeruk en wes geswaai teen Bano-Goche, noord van Hobok, waar hulle in 'n geveg met die vyand gewikkel geraak het. Hierdie patrollering is gesinkroniseer met 'n ander patrollie wat van Hobok uitgestuur is. Maj Bester se manne het gevangenes geneem, en masjiengeweerlope, ammu-

nisie en ander wapens buit gemaak en dit aan die patrollie van Hobok oorhandig. Terselfdertyd is kapt Davey van 2 SAIBG se 1 Veldmagbataljon uitgestuur na El Gobso en Funan Gaba noord van Mega, maar geen teken van die vyand is gewaar nie. Hierdie bepaalde verkenning word hier genoem omdat dit regstreeks spruit uit die suksesse teen die drie voorposte. Ook kan gemeld word dat die divisiebevelvoerder en brigadegroepbevelvoerders enkele dae daarna, op 6 Februarie, 'n konferensie gehou het om verdere operasies te beplan.

In sy patrolleringe van vyandelike gebied was die Boranstam in Suid-Abessinië die Suid-Afrikaners vriendelikgesind en vol diep verbittering teen die Italiaanse offisiere, wat daarvan beskuldig is dat hulle hul vrouens afgeneem het. Inligtinge wat deur die Boran verskaf is, is besonder noukeurig gevind.

## Genl Brink: Uitstekende taak!

Die oorhoofse gevolgtrekking waartoe die verkenning van die suidelike landstreek lei, is dat die Italianers en plaaslike soldate die vestings noord en oos van El Gumu en noord en wes van Hobok verlaat en na die bergvestings soos Yavello en Mega vlug. Optrede teen hierdie vestings was reeds geruime tyd die tweede fase van die Springbokke se operasionele plan. Intussen kom 'n niemandsland tot stand tussen die twee magte, terwyl veral die Suid-Afrikaners trag om dit met patrollies te oorheers. 'n Gegronde konklusie is ook dat die vyand nie daarin kon slaag om hul voorposte doeltreffend aan te wend nie. Nie slegs het Gorai, El Gumu en Hobok in gebreke gebly om die Springbokaanmars te belemmer nie, of selfs om verkenning van die vyandelike hoofverdedigingstellings in die wiele te ry nie, maar daar is ook misluk in die doel om sinvol en volledig te rapporteer oor die Suid-Afrikaanse opmars. Inteendeel. Die Suid-Afrikaners het die drie voorposte op 1 en 2 Februarie onverhoeds gevang en uitgewis voordat hulleself mooi besef het wat gebeur. Hierdie sukses het dit vir albei brigadegroepe van die eie magte moontlik gemaak om hul uitbuitingsgrens tot diep in vyandelike gebied te stoot.

Na die oorwinning by Hobok stuur 1 SA Divisiebevelvoerder brig-genl Brink die volgende boodskap aan 3 Transvaal Scottish-bevelvoerder lt-kol Kirby:

"Betuig asseblief aan alle range onder jou bevel my waardering en bewondering vir die uitstekende taak wat hulle verrig het onder die mees vermoeiende omstandighede deur vyandelike weerstand binne so 'n beknopte tyd te oorwin. Ons is erkentlikheid aan die lug verskuldig en ek het ons waardering aan hulle oorgedra."

Interessant is 'n rapport deur lt D. M. C. Johnson van 3 Brigadeseinkompanie met lesse wat ten opsigte van seintoerusting en seinwerk in die Oos-Afrikaanse en Abessiniese veldtog geleer is. In sy ontleding van die Springbokoptrede maak hy onder meer die volgende opmerkinge, waarmee ek basies saamstem:

"Die sukses van die Oos-Afrikaanse veldtog kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoë graad van beweeglikheid en die net so hoë spoed waarteen die operasies deurgaans gevoer is. Spoed, verbind aan hard slanende taktiek, was die steunpilare van die briljante suksesse wat behaal is, en dit lei 'n mens vanselfsprekend na die logiese gevolgtrekking dat beweeglikheid verbind aan spoed, sinoniem is met sukses in moderne oorlogvoering, mits die nodige toerusting om die doelwit te bereik, beskikbaar is."

## Die voorposoorwinnings word wet

Ten slotte is die wetlike implikasies van die oorwinnings oor die drie vyandelike voorposte belangrik. Dit is uiteengesit deur die bevelvoerende generaal van die Oos-Afrikaanse Magte, lt-genl A. G. Cunningham, in 'n militêre proklamasie wat tydens die stryd om die voorposte geldig geword het en die Britse militêre regsbevoegdheid oor die verowerde vyandelike gebied verklaar. Op 1 Februarie 1941 reik genl Cunningham die volgende verklaring in Nairobi uit:

"Britse Militêre Regsbevoegdheid

Aangesien die voortsetting van die oorlog teen Italië gelei het tot die besetting deur Sy Britse Majesteit se magte en dié van sy bondgenote van sekere gebiede wat voorheen regeer is, waarop aanspraak gemaak is, of wat beset is, deur die Italiaanse regering in Ethiopië en Somaliland, en aangesien dit my as bevelvoerende generaal van Sy Britse Majesteit se magte in Oos-Afrika te beurt val om die handhawing van wet en orde in die gebiede wat as sulks beset is, te verseker,

verklaar ek hiermee aan almal wat daarby belang mag hê, die volgende:

1 Alle gebiede in Ethiopië en Somaliland wat nou of hierna beset word, soos hierbo gemeld, deur enige magte onder my bevel, sal onder my uitsluitlike militêre regsbevoegdheid val, en sal onder sodanige regsbevoegdheid bly solank as wat militêre oorwegings dit vereis.

2 Alle persone in die genoemde gebiede, sowel manlik as vroulik, moet hulle weerhou van enige dade waarvan die aard bereken is om die openbare vrede te versteur of om skade te berokken aan die belange of veiligheid van die Britse Majesteit se magte of van dié van sy bondgenote, en hulle moet stiptelik gehoorsaamheid betoon aan alle opdragte wat deur my of onder my gesag gegee word. Enige oortreding van die voorafgaande voorskrifte sal deur die owerhede met die dood strafbaar wees, of met sodanige mindere strawwe as wat ek mag magtig.

3 Vir die doel van hierdie of enige volgende proklamasie, sluit "militêre owerhede" alle sodanige geregshowe, offisiere of ander persone in wat ek van tyd tot tyd mag aanwys om die militêre regsbevoegdheid in enige deel van die genoemde gebiede te administreer.

4 Alle bestaande wette, gewoontes, regte en besittings in die genoemde gebied, sal ten volle gerespekteer word, in soverre as wat dit strook met my proklamasies en in soverre as wat dringende militêre behoeftes dit toelaat. Alle opeisings van dienste of van besittings wat weens dringende militêre behoeftes noodsaaklik is, sal ten volle vergoed word.

5 Solank as wat die inwoners van die genoemde gebiede vreedsaam bly en gehoor gee aan my opdragte, sal hulle aan inmenging nie méér onderwerp word as wat ek noodsaaklik ag vir die uitvoering van my pligte nie. Hulle hoef niks te vrees nie.

Geteken in Nairobi op hierdie 1ste dag van Februarie 1941. A. G. Cunningham (Geteken) Bevelvoerende Generaal Oos-Afrikaanse Magte."

Met hierdie verklaring word die moontlikhede geopen vir verdere Suid-Afrikaanse operasies teen die vyandelike magte in Abessinië en word die uitwissing van die drie genoemde Italiaanse voorposte wetlik verseël.